


# VOLLEDIGE INDEKS

## Toneelproduksies


CRYBABY
Sterstof
Die ander dogter
Sirkus L'amour en die Alewige Getoer
Het van Verlangekraal
Magda Louw en haar Erhard, how Louw can you go?
Molly en Wors – Die geheim van 'n suksesvolle huwelik, is 'n geheim.
Jakkie NOU! Die Drie Varkies en die GenZ Wolf
Pampelmoesmampoer
Reünie
Tronk met 'n D


## Musiekproduksies


Karoo-Keur: Die beste van Karoo Suite
Koffie Kantata
Songs of Love
Voices of the Soul
Tillie Mathilda
Loof Hom Innibos


## Leefstyl Produksies: Ervarings en Uitstappies


ATKV-Boeke-crawl
Komati Fruit Plaasbesoek @Crocodile River Estates
Laeveld Langtafel
SAIA Mpumalanga Argitektoniese Toer
Spoorlynsabotasies tydens Boere- en Bosoorlog




Met Frank Opperman, Nicole Holm, Wian Taljaard, René Cloete en Gantane Kusch

**Wo 1 Jul 10:00; Do 2 Jul 15:00; Vr 3 Jul 18:00 Sa 4 Jul 09:00**

| | |
|---|---|
| Teks en Regie: | **Carla Smith** |
| Stel- en beligtingsontwerp: | **Wolf Britz** |
| Verhoogbestuur: | **Jean du Plessis** |
| Produksiebestuurder en assistent-verhoogbestuurder: | **Cole Wessels** |
| Vervaardiger: | **KKNK** |

| | |
|---|---|
| Venue: | **Mbombela Stadsteater / Civic Theatre** |
| Tydsduur: | **80 min** |
| Prys: | **R195** |

**Geen o. /13**
(Taal, Ouerbegeleiding)

'n Feesteforum-produksie in samewerking met die KKNK, moontlik gemaak deur NATi en ondersteun deur die Festival Enterprise Catalyst (FEC) in samewerking met The Jobs Fund.

Op 'n doodgewone oggend, by 'n doodgewone dagsorg, beleef die driejarige Samuel die onkeerbare verwoester van onskuld – die nuus. Hy verander in 'n oogwink van 'n dolgelukkige kind na 'n moeë volwassene, dekades verouder deur haglike hoofopskrifte, tragiese gebeure en die lot van die mensdom wat hopeloos te swaar is vir sy nuwe skouers om te dra. *Crybaby* is 'n absurde tragikomedie wat handel oor die tol wat dit eis om te lewe in 'n geldgierige wêreld waar alles in duie stort. Dit is terselfdertyd 'n liefdesbrief aan 'n mens se kinderjare en 'n onuitwisbare herinnering aan die een waarheid wat elke volwassene weet: grootword is nie kinderspeletjies nie.




Met Ashley de Lange, Ludwig Binge, Wessel Pretorius

**Do 2 Jul 19:00; Vr 3 Jul 09:00 Sa 4 Jul 14:00**

| | |
|---|---|
| Teks: | **Ludwig Binge** |
| Regisseur: | **De Klerk Oelofse** |
| Stel en ligte: | **Kieran Mcgregor** |
| Projekbestuurder: | **Marie Vogts** |

**DEBUUT**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Mbombela Stadsteater / Civic Theatre** |
| Tydsduur: | **80 min** |
| Prys: | **R195** |

**Geen o. /16**
(Taal)

Kom diegene op wie ons verlief raak toevallig oor ons pad? Of is hulle deur die noodlot na ons toe gestuur? Is romantiese liefde bloot 'n chemiese proses wat in ons breine plaasvind? Of is dit 'n kreatiewe versinsel wat deur ons verbeelding opgetoor word?

Rikard en Patty spandeer al 'n ruk tyd saam. In vele opsigte funksioneer hul reeds soos 'n paartjie, al is hulle nie in 'n vaste verhouding nie. Hy soek haar vir homself. Sy smag na 'n middeweg. En wanneer dié *hopeless romantic*, een middag in die hondepark die pragmatiese vrou van sy drome probeer oortuig om nét syne te wees, gebeur iets onverwags ... 'n Tyd-kringloop. Die middag herhaal homself. 'n Klomp keer. En met elke poging om Patty se hart te wen, kom Rikard – met behulp van 'n empatiese hondestapper, Gawie – tot nuwe insigte oor homself, die liefde en die noodlot.




**Met Sandra Prinsloo**

**Wo 1 Jul 18:00; Do 2 Jul 09:00; Vr 3 Jul 13:00**

| | |
|---|---|
| Teks: | **Annie Ernaux** |
| Vertaling: | **Naòmi Morgan** |
| Verwerking: | **Saartjie Botha** |
| Regisseur: | **Lara Foot** |
| Ontwerp en beligting: | **Wolf Britz** |

| | |
|---|---|
| Venue: | **Mbombela Stadsteater / Civic Centre** |
| Tydsduur: | **70 min** |
| Prys: | **R195** |

**Geen o. /13**

'n Tienjarige meisie kom per toeval agter dat sy eintlik 'n ouer suster gehad het wat twee jaar voor haar geboorte oorlede is. Daardie meisie was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 die Nobelprys vir Letterkunde gewen het. Skielik besef Annie sy was nie haar ouers se enigste kind nie. Sy voel eerder soos iemand wat gekom het in die plek van 'n suster wat daar moes gewees het. Die afwesigheid van daardie kind hang steeds stil oor haar ouers se lewe en hul onuitgesproke hartseer. Dit laat Annie wonder: moes haar suster sterf sodat sy kon leef? 'n Fyn, aangrypende verhaal oor skuldgevoelens, familie en verlies.

**'n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie.**




**Met Wynand van Vollenstee, Thiart Li, Marissa Claasen, Zoricke Snyman**

**Wo 1 Jul 18:00; Do 2 Jul 13:00; Vr 3 Jul 09:00; Sa 4 Jul 15:00**

Teks en Regie: **Wynand van Vollenstee**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Laeveld Laerskool** |
| Tydsduur: | **75 min** |
| Prys: | **R195** |

**Geen o. /13**
(Taal)

Sirkuslewe spel ligte, opwinding, mense wat skiet uit kanonne, kronkelers, luislangtoertjies, gevaarlike motorfietse, hansworse. En die alewige getoer en lewe op die pad.

Maar hoe gemaak as die sirkus in 'n ware sirkus ontaard: narre wat 'n bietjie te diep in die bottel kyk, die kronkeler wat spasmas ontwikkel, die waaghals wie se twee boude in die kanon vassteek? Wat gebeur as die DBV al die sirkusdiere konfiskeer en die Nasionale Sirkus-organisasie dreig om die tent se seile te sluit? Wie sal die kastaiings uit die vuur kom krap?

Hierdie unieke produksie neem jou saam op 'n sirkus-toer vol misverstande, liefdesdriehoeke (of vierkante), chaos en die mooiste storie wat al ooit só vertel is. Kom lag lekker saam, WANT ONS IS SIRKUS L'AMOUR!

PADSTAL J&S JOUBERT&SEUNS Venueborg




**Met Ana van Achterbergh, Etienne du Plessis, Henco J, Nico Loubser, Nikita Meyer, Ulrich Slabbert, Zanje Bodenstein.**

**Wo 1 Jul 18:00; Do 2 Jul 09:00; Vr 3 Jul 13:00**

Teks: **Leon van Nierop, na die verhaal van Johann Bekker**
Regisseur: **Frans Swart**

Venue: **Nelspruit Laerskool**
Tydsduur: **105 min**
Prys: **R250**

**GESIN**

Het Heiberg. Die weggooikind wat Verlangekraal se naam sou verewig. Sy het dit gewaag om in opstand te kom teen 'n rigiede skoolsisteem wat geen rebelsheid of individualiteit sou duld nie. Net meneer Doep het tussen haar en die verderflike skoolhoof, meneer Erlank, gestaan. Hierdie diep menslike verhaal word vir die eerste keer op die planke uitgebeeld. Het Heiberg se kant van die saak word vertel: wie in haar lewe saak gemaak het en wat in haar gedagtes omgegaan het. Bowenal is dit die verhaal van oorwinning en hoe sy uit haar omstandighede kon ontsnap. 'n Moet-sien-produksie wat die nostalgie-snare sal raak.




**Met Desiré Gardner en Hannes van Wyk**

**Do 2 Jul 09:00; Vr 3 Jul 18:00 Sa 4 Jul 09:00**

Teks: **Desiré Gardner**
Regisseurs: **Desiré Gardner & Hannes van Wyk**

Venue: **Laeveld Laerskool**
Tydsduur: **75 min**
Prys: **R195**

**Geen o. /13**
(Taal)

Magda en Erhard het 'n goeie *show* beplan wat dalk selfs vir 'n prys benoem kan word. Maar die ou man vergeet heeltyd waar hy moet inkom en arme Magda moet net vure doodslaan. Selfs die dans is maar louwarm – met die klem op Louw. Magda en Erhard gesels oor die kuns van die lewe, die verskillende fases van oudword, hoe ons almal met die verfpot in die hand staan en eers buite die lyne inkleur tot die kwas uiteindelik droog word en ons nie meer kan dink aan prentjies om te teken nie. Maar ten minste kan ons dié wat daar is nog bewonder... Vier benoemings by Momentum Aardklop in 2025. Moet dit nie misloop nie.

**Met ondersteuning van die Vrystaat Kunstefees.**

PADSTAL J&S JOUBERT&SEUNS Venueborg




**Met Willie Esterhuizen en Lizz Meiring**

**Do 2 Jul 19:00; Vr 3 Jul 09:00; Sa 4 Jul 17:00**

| | |
|---|---|
| Teks: | **Willie Esterhuizen** |
| Regisseur: | **Pieter Esterhuizen** |
| Stelontwerp: | **Willie Esterhuizen** |
| Kostuums: | **Hollywood Costumes** |
| Musiek: | **Toby Esterhuizen** |

| | |
|---|---|
| Venue: | **Nelspruit Laerskool** |
| Tydsduur: | **60 min** |
| Prys: | **R195** |

**Geen o. /13**
(Taal)

Na jare se smeek en pleit van die kykerspubliek is die immergewilde *Molly en Wors* terug! Dié keer op die verhoog!

Gehore kan uitsien na vlymskerp humor, soos net Willie dit kan doen. En die tema: Die Geheim van 'n gelukkige huwelik - is 'n geheim.

Kom knik kop met herkenning van hoe dit in meeste huwelike gaan. Soos altyd in Willie Esterhuizen se werk, is dit humor met hart. Heerlik snaaks, voelgoed, maar ook verrassend en warmhartig. Saam met Lizz Meiring as Molly, vorm hulle 'n gedugte span wat die vonke laat spat.

**Vervaardig deur Artist Warehouse, Westel Productions en Lizz Meiring Produksies.**




**Met Jakkie Louw, Clarissa Jooste, Simone De Jager, Monique Barnard**

**Sa 4 Jul 12:00**

Teks: **Jakkie Louw**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Laeveld Laerskool** |
| Tydsduur: | **45 min** |
| Prys: | **R100** |

**VIR DIE HELE GESIN**

Hou jou selfoon vas (of los dit liewer by die huis), want Jakkie Louw bring die klassieke storie van *Die Drie Varkies* terug – met 'n splinternuwe, lagwekkende en musiekbelaaide draai! Hierdie keer is die groot, slegte wolf nie net 'n gevaar vir strooihuise nie... hy's ook 'n TikTok-superster wat eerder filters gebruik as asem om huise om te blaas.

Dis slim, snaaks en verrassend hartlik – met Jakkie se liedjies wat almal saam laat sing en dans. Of jy 5 of 85 is, jy gaan lag, klap, en dalk selfs saam met die wolf *scroll*.

'n Musikale avontuur vir die hele gesin – waar sprokie en sosiale media bots in die snaaksste moontlike manier!

PADSTAL J&S JOUBERT&SEUNS Venueborg




**Met Frank Opperman**

**Sa 4 Jul 13:00**

Teks: **Dana Snyman**
Regie en beligtingsontwerp: **De Klerk Oelofse**

Venue: **Nelspruit Laerskool**
Tydsduur: **70 min**
Prys: **R195**

**Geen o. /10**
(Taal)

Na vele vertonings reg oor die land en op grond van gewildheid en aanvraag, is Frank Opperman terug by Toyota Innibos met sy lokettreffer, *Reünie*.

Dit is dieselfde skoolsaal, maar 43 jaar later by die reünie van die 1980-matriekgroep. Adam Boshoff tree as verteller op, maar deur die loop van die aand kry verskeie klasmaats 'n beurt agter die mikrofoon om hul sê te sê. Lank terug het almal saam 'n tragedie beleef wat hulle nou vir die eerste keer regtig konfronteer.

Dana Snyman en Frank Opperman snoer weer kragte saam – verwag dieselfde fyn spot, deernis en 'n tikkie nostalgie. Frank Opperman is bekroon met die kykNET Fiësta-prys vir beste akteur vir sy spel in dié stuk.




**Met Elzabé Zietsman, Ignatius van Heerden, André Lötter**

**Wo 1 Jul 09:00; Do 2 Jul 14:00; Sa 4 Jul 09:00**

Teks: **Braam van der Vyver**
Regisseur: **Lihan Pretorius en Johan van der Merwe**
Lirieke: **Johann Smith**
Musiek: **Dewald Rieger**

**DEBUUT**

Venue: **Nelspruit Laerskool**
Tydsduur: **80 min**
Prys: **R195**

**Geen o. /13**
(Taal, Seksuele verwysings)

Die popmooi sosiale vlinder, Leksie Pieterse, word tot 20 jaar tronkstraf gevonnis vir die gifmoord op haar ryk vroetelpappie, Bakkies Barnard. In die tronk beland sy in 'n sel met Cruella, Bakkies se weduwee, en die hardnekkige Daisy de Melker (vertolk deur Elzabé Zietsman)-wat volgens rekords lankal dood behoort te wees, maar nou die vrouetronk met 'n ysterhand regeer. Wanneer Leksie ontdek dat haar slinkse prokureur 'n dubbele lewe lei, begin 'n gevaarlike spel van wraak. Met die hulp van speurder Wihan Beyleveld moet die vroue besluit: hoe vernietig jy 'n man se reputasie-van agter tralies af? 'n Komiese spanningsdrama vol glans, satire en dodelike sjarme.




**Met: Francois Jacobs, Matie van Graan, Tiaan Slabbert, Steffie le Roux, Adriaan van As, Eugené Wait, Jana Fischer, Luka Wait en ’n misterieuse gasverskyning.**

**Di 30 Jun 18:00, Wo 1 Jul 18:00; Do 2 Jul 10:00; Vr 3 Jul 14:00**

| | |
|---|---|
| Tekskonsep: | **Steven en Arisa Schamrel** |
| Regisseur: | **Ignatius van Heerden, Johan van der Merwe en André Lötter** |
| Vervaardiger: | **Badprop Produksies** |

**DEBUUT**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Busse vertrek stiptelik vanaf Curro Nelspruit se parkeerterrein, Johannastraat, Sonheuwel na The Rest Nature Estate.** |
| Tydsduur: | **120 min** |
| Prys: | **R250** |

**Geen o. /16**
**(Taal )**

In Nelspruit, op ’n wildreservaat-landgoed waar almal mekaar se stories ken — of dink hulle ken — begin drie gesinne se lewens stadig ineen gevleg word. Jare se geheime, verlore liefdes en ou wrokke het lank onder die oppervlak gebroei.

Tot een aand.

By ’n verlowingspartytjie waar alles veronderstel is om perfek te wees, begin die waarheid uitrafel — en wat jare geneem het om weg te steek, kan in een aand ontbloot word.

Kom beleef hierdie plekspesifieke teaterervaring waar die gehoor tussen drie huise vervoer word en die verhaal uit verskillende hoeke ervaar. Ontmoet die wêreld van dié karakters: ’n grootwildjagter wat bang is vir bloed, ’n verbitterde skinderbek wat haar lewe weer probeer opbou met Tupperware-partytjies en botterroomkoeke, en twee susters met ’n geheim wat hul verhouding kan vernietig.

Elke groep feesgangers ervaar die stories in ’n ander volgorde — en daarom is geen twee ervarings dieselfde nie. Wanneer almal uiteindelik bymekaarkom vir die partytjie, begin die laaste stukke van die legkaart pas.

Maar teen daardie tyd is dit reeds te laat om die waarheid weer toe te maak.
Dit is nie net ’n toneelstuk nie — dit is ’n eenmalige teaterervaring waar die gehoor deur die storie beweeg en self ontdek hoe ’n gemeenskap se geheime ontvou word.

Komati Fruit Orbit Integral THE REST NATURE ESTATE




**Met Deon Meyer (verteller en teks) Coenie de Villiers (klavier, sang en musiek)**

**Vr 3 Jul 14:00**

Musiekregie: **Coenie de Villiers**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Church Unlimited** |
| Tydsduur: | **70 min** |
| Prys: | **R195** |

**GESIN**

Internasionale skryfsensasie Deon Meyer en musieklegende Coenie de Villiers se twee verhoogproduksies – *Karoo Suite* en *Karoo Suite 2: Karoonagte* – was die afgelope tien jaar lokettreffers dwardeur die land. Kritici was gaande en gehore het gevra vir meer. Na vier jaar is hierdie twee kunstenaars terug op die verhoog met die beste stories en musiek uit beide vertonings – hierdie keer in 'n meer intieme formaat wat gehore selfs dieper onder die indruk van die Karoo en sy mense sal bring.




**Met Kirsten Blair (sopraan – Amerika), Christiaan Snyman (bariton), Walter Fourie (tenoor), Janette Rottcher (klavier)**

**Do 2 Jul 12:00**

Musiekregie: **Walter Fourie**

**DEBUUT**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Boulevard Theatre @ Sonpark Centre** |
| Tydsduur: | **60 min** |
| Prys: | **R195** |

**GESIN**

Bach se *Koffie Kantata* is eintlik 'n wonderlike mini komiese opera. Lieschen is absoluut verslaaf aan koffie en haar pa, Schlendrian, is radeloos met haar gedrag. Sy plan? Hy verbied haar om te trou as sy nie van haar java-lus ontslae raak nie! Maar Lieschen het 'n plan. Kom kyk gerus wat gebeur! Die res van die program word gevul met liedere uit die musiekteater genre, waar almal ook net so gaande is oor koffie soos Lieschen. Kirsten Hutchinson (Amerika) vertolk die rol Lieschen, en bekende Suid-Afrikaanse bariton Christiaan Snyman die rol van Schlendrian. Plaaslike tenoor Walter Fourie sing die rol van die verteller. Janette Rottcher is aan die stuur van die begeleiding.




**With Phenye Modiane, (tenor) Leonie Greyling, (violin) Kerryn Wisniewski (piano)**

**Fr 3 Jul 12:00**

**DEBUTE**

| | | |
|---|---|---|
| Venue: | **Boulevard Theatre @ Sonpark Centre** | **FAMILY** |
| Tydsduur: | **60 min** | |
| Prys: | **R195** | |

A heartfelt celebration of romantic songs and the emotions that love inspires. This concert features a curated selection of love songs from different genres, eras, and cultures, inviting the audience to embark on a musical journey through the highs and lows of love.

Performers will bring these cherished pieces to life, each interpreting the songs with their unique style and emotion. Throughout the concert, the themes of passion, longing, joy, and heartache are explored, creating an intimate atmosphere that resonates with the audience.

*The Songs of Love Concert* not only entertains but also creates a sense of unity, as attendees share in the universal experience of love.

Whether celebrating a romantic relationship, honouring cherished memories, or simply enjoying the beauty of music, this concert is a touching tribute to love in all its forms.




**With Aukse Trinkunas (mezzo soprano), Gerrit Koorsen (cello) & Eugene Joubert (piano)**

**Sa 4 Jul 14:00**

| | | |
|---|---|---|
| Venue: | **Boulevard Theatre @ Sonpark Centre** | **FAMILY** |
| Tydsduur: | **60 min** | |
| Prys: | **R195** | |

Relatively little repertoire has been written for the captivating combination of solo voice, cello and piano. Yet, as cellist Steven Isserlis observes, the cello mirrors the human voice in its warmth and intimacy, becoming almost an extension of the body. Mezzo-soprano Aukse Trinkunas, cellist Gerrit Koorsen and pianist Eugene Joubert present a programme that celebrates this unique tonal blend. Featuring Manuel de Falla's *Siete canciones populares españolas*, selected Romances by Sergei Rachmaninoff, and works by Astor Piazzolla including *Oblivion and Libertango,* the concert journeys from Spanish folk passion to Russian lyricism and Argentine nuevo tango, uniting diverse cultures through melody and emotion.




**Met Amanda Strydom, Je-ani Swiegelaar, Coenraad Rall** (Klavier)

**Do 2 Jul 19:00; Vr 3 Jul 13:00**

Teks: **Amanda Strydom**
Regisseur: **Christo Davids**

Venue: **Laeveld Laerskool**
Tydsduur: **75 min**
Prys: **R195**

**Geen o. /16**
(Taal)

Twee prostitute, een oud, die ander jonk en onervare. Dis Tillie se eerste nag. Mathilda, die ou prostituut, ontferm haar oor die weerlose meisie van die platteland. Die twee vroue se stories word in hierdie produksie die universele stem van vroue in alle situasies, hetsy goed of sleg, desperaatheid of nood. Met 'n goeie skeut humor, satire, tragedie en 'n rou eerlikheid bied hierdie produksie 'n blik op die lewens van vroue waarop die samelewing dikwels neerkyk en 'n oordeel vel. Die storie word verweef met verwerkings en oorspronklike musiek deur Coenraad Rall.

Amanda Strydom het Je-ani Swiegelaar (*Naomi Koster*) se ma vertolk in die gewilde *Binnelanders*. Hulle droom om 'n verhoog te deel, word in hierdie produksie bewaarheid.

Venueborg




**Met Riana Nel**

**So 5 Jul 18:00**

Venue: **Church Unlimited**
Tydsduur: **90 min**
Prys: **R50**


**GESIN**

Toyota Innibos sluit die fees op 'n gepaste wyse af en almal word hartlik uitgenooi om te kom deel in die danksegging en lofprysing saam met Riana Nel.

Riana Nel, geliefde gospelsangeres en; liedjieskrywer, bring vanjaar haar unieke klank en hartroerende boodskap na Loof Hom Innbos te Church Unlimited. Met haar kragtige stem en diep geloofsgebonde lirieke raak sy harte en bring hoop vir elke feesganger. Haar optrede beloof om 'n onvergeetlike ervaring te wees waar musiek en aanbidding saamvloei.

'n Deel van die opbrengs gaan aan Huis Bethlehem geskenk word wat 'n veilige hawe vir kinders in nood bied.

Kom beleef die krag van lofprysing – 'n hoogtepunt wat jou siel sal aanraak en jou hart sal vul met dankbaarheid.




**Met Danie du Toit (Reënwolf), Gerda Taljaard, Ultracoustic Duo Dirkie van Staden en Wilken Calitz, Sandra Prinsloo en Jak de Priester.**

**Do 2 Julie 15:00 en 17:00**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Kaapsehoop Busse vertrek stiptelik vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.** |
| Tydsduur: | **260 minute** |
| Prys: | **R350 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)** |

**VOLWASSENES**

Die ATKV-Boeke-crawl is 'n lekkerte vir elke feesganger wat hom verwonder oor die Afrikaanse taal hetsy in woord of liriek.

Feesgangers kry 'n doppie-koppie met 'n knertsie Van Loveren muskadel en 'n serp om die ergste koue van die mistieke dorpie, Kaapsehoop, te besweer. Daar is drie aandoenplekke waar daar rondom boeke, woorde en wysies gekuier gaan word.

Die eerste stop is by Bohemian Groove Café, waar 'n besondere samekoms van woord en musiek op die gehoor wag. Die geliefde en bekroonde aktrise Sandra Prinsloo gaan 'n keur van gedigte en lirieke uit die oeuvre van liedjieskrywer en sanger Jak de Priester voorlees. Tussenin sal Jak de Priester self die gehoor trakteer met sy vertellings – stories oor die ontstaan van sy liedjies, herinneringe uit sy lewe en die inspirasie agter sy woorde. Hy gaan ook 'n paar van sy geliefde liedjies sing, wat die aand 'n intieme en emosionele atmosfeer gaan gee.

Die tweede aandoenplek is die Silver Mist Funksiesaal waar Gerda Taljaard hier in die pragtige omgewing van wildeperde, historiese geboue, kranse en misnewels, gaan voorlees uit haar jongste roman *Die grafdigter*. Kom luister na die verhaal van Mila, van takbokke in sneeubedekte landskappe en van sprokies wat afspeel in donker woude. Tussendeur gaan daar lieflike Russiese musiek gespeel word deur Ultracoustic Duo, Dirkie van Staden en Wilken Calitz. Word meegevoer en bekoor deur die lieflike kombinasie van woordkuns en musiek, waar die grense tussen werklikheid en fiksie vervaag ...

Die aand word op 'n besondere manier afgesluit in die kapel by Silver Mist Country Inn waar Danie du Toit (Reënwolf) uit sy nuwe kortverhaalbundel *16 Sketse*, gaan voorlees. Die gehoor kan uitsien na 'n mengsel van boeiende stories, persoonlike vertellings en 'n paar van sy geliefde liedjies wat hy op 'n meer intieme manier gaan vertolk.
Die ATKV-Boeke-crawl beloof 'n besondere ervaring te wees — 'n kombinasie van musiek, literatuur en atmosfeer waar woorde en klanke saamvloei om 'n onvergeetlike aand te skep.

Hongerpyne word afgeweer deur ligte verversings by die aandoenplekke. Bring 'n warm jas, mus, kombers. Kaapsehoop is koud! Laataand keer die busse weer terug na Mbombela.

**Produksie moontlik gemaak deur die ATKV en ondersteun deur Bohemian Groove Cafè, Silver Mist-gastehuis, BUSCOR en Van Loveren-wyne.**




Met Tyrone de Bruin, Francois le Roux en Jarik Jansen

**Sa 4 Jul 09:00 en 13:00**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Op die R104, die afdraai aan die linkerkant van die pad, net voor die Komati Fruit Crocodile River Estates Kantore. Kyk uit vir die Komati baniere aan jou linkerkant.** |
| Tydsduur: | **180 minute** |
| Prys: | **R250** |

**Geen o/18**

Kom beleef die pragtige Laeveld saam met ons op die Komati Fruit Plaasbesoek. Kom verken die sitrusboorde agter op 'n trekker-waentjie en geniet die ervaring om vir jouself 'n kilogram topgehalte sagte sitrus te pluk. Jy gaan eerstehands ervaar hoe sitrus verpak en verwerk word vir die uitvoer en lokale mark. Jou kennis en smaakknoppies gaan geprikkel word met interessante feite en 'n oestafel wat gedek is met al Komati Fruit se uitvoergehalte kommoditeite en variteite. Die plaasbesoek word afgesluit met 'n heerlike gin-proe wat van die einste sitrusvrugte gemaak is. Dit is 'n Laeveld lekkerte wat nie misgeloop mag word nie!




**Vr, 26 Junie 16:00 - 23:00**

| | |
|---|---|
| Venue: | **Geheime Laeveldse bestemming (busse vertrek vanaf Hoërskool Nelspruit Sportgronde)** |
| Prys: | **R2 950 pp (busvervoer ingesluit)** |

**VOLWASSENES**

Die Laeveld Langtafel 2026 is wéér die plek waar jy móét wees! Kom reis saam na 'n onvergeetlike Laeveldse geheime bestemming.

Na verlede jaar se oorweldigende sukses, waar gaste dit as een van Suid-Afrika se beste ervarings bestempel het, keer hierdie stylvolle, misterieuse geleentheid terug - méér eksklusief as ooit.
In die hart van die winter wag daar weer eens iets nuuts en besonders vir 'n handjievol mense wat kans sien vir avontuur en fynproewersgenot. Reis saam na 'n geheime bestemming naby Nelspruit en geniet uitstaande kos, goeie wyne, lewendige musiek en 'n unieke Laeveldse atmosfeer. Dis nie net 'n ete nie. Dis 'n geheime Laeveld-ervaring waar waar elke detail sorgvuldig beplan is om jou aand onvergeetlik te maak, ten bate van Nelspruit Hospice.

Slegs 120 plekke beskikbaar.
Bespreek nou: www.laeveldlangtafel.co.za
074 238 6188 | 084 406 6861 | bookings@laeveldlangtafel.co.za
Carlene de Jager
Lizette Gerber vir kontakpersone.




**Met Orbic- en Cecilia argitekte**

**Vr 3 Jul 10:00; Vr 3 Jul 11:00**

**DEBUUT**

**Busse vertrek stiptelik vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.**
Tydsduur: **180 minute**
Prys: **R250**

**GESIN**

Die *South African Institute of Architects* (SAIA) Mpumalanga gaan die jaar vir die eerste keer met Innibos hande vat om feesgangers die geleentheid te gee om van die Laeveld se beste argitektoniese projekte ten toon te stel.

Ervaar #TRENDING – Alles wat IN is ten opsigte van argitektuur waar van die Laeveld se beste argitekte die nuutste in styl, ontwerp en egte *Lowveld Living* ten toon stel. Hierdie eksklusiewe, gekureerde toer neem jou na drie besonderse huise in en om Nelspruit, elk 'n toonbeeld van volhoubare ontwerp en die ikoniese binnenshuis-buiteleefstyl waarvoor die Laeveld bekend is. By elke woning word jy persoonlik deur die argitek self begelei, met 'n verfrissende drankie of happie om die ervaring af te rond. Dit is sonder twyfel vir elke ontwerp- en leefstylliefhebber, 'n inspirerende belewenis wat jy eenvoudig nie wil misloop nie.

**Ondersteun deur BUCO, Corobrick, Turn 'n Tender, Yoons Eatery en Golden Macadamias.**




**Met Tian Schutte, SW Fourie en Joubert de Roubaix**

**Vr 3 Jul 18:00; Sa 4 Jul 09:00**

**DEBUUT**

Venue: **Boulevard Theatre @ Sonpark Centre**
Tydsduur: **60 minute**
Prys: **R180**

**GESIN**

Met skyfievertonings gaan getoon word hoe Boere en Recces se operasies teen vyandelike spoorvervoer dieselfde modus operandi gevolg het. Dit sluit in ontsporingstegnieke en unieke myne wat gebruik was om lokomotiewe en treintrokke tydens die Boere-oorlog en Bosoorlog op te blaas. Voorbeelde van sulke operasies tydens beide oorloë en die impak wat dit op vyandelike magte gehad het gaan deur foto's geillustreer word. SW Fourie, wat 'n vernietigingsdeskundige van die Recces tydens die Bosoorlog was, gaan inligting deel oor uiters geheime operasies waarin hy betrokke was. Hierdie vertoning gaan gepaard met 'n uitstalling van vyandelike wapens wat die Recces tydens hulle operasie gebruik het.